REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB

*Registered at the Post Office as a Newspaper* ABROAD 30c BUITELANDS *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

POST FREE · POSVRY

VOL. 168] PRETORIA, 22 JUNE JUNIE 1979 No. 6509

## PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. 120, 1979

### DEPROCLAMATION OF LAND AS A PUBLIC DIGGING

In terms of section 44 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), I hereby declare that the land described in the attached Schedule and shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Klerksdorp, under RMT No. R55/77, being land which was proclaimed a public digging for precious metals by a proclamation published in the *Gazette* of 6 June 1888, shall be closed and deproclaimed as a public digging for precious metals from the first day after the publication of this proclamation in the *Gazette*.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-third day of May, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

B. J. VORSTER, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. P. BOTHA.

## PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. 120, 1979

### DEPROKLAMERING VAN GROND AS 'N OPENBARE DELWERY

Kragtens artikel 44 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), verklaar ek hierby dat die grond in bygaande Bylae beskryf en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Klerksdorp, onder RMT No. R55/77 bewaar word, naamlik grond wat by 'n proklamasie gepubliseer in die *Staatskoerant* van 6 Junie 1888, tot 'n openbare delwery vir edelmetale geproklameer is, met ingang van die eerste dag na die publikasie van hierdie proklamasie in die *Staatskoerant*, gesluit en gedeproklameer word as 'n openbare delwery vir edelmetale.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Drie-en-twintigste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Negeen-sewentig.

B. J. VORSTER, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. P. BOTHA.

SCHEDULE

| Description of land | Extent | Registered owner |
|---|---|---|
| Portion 1 and Remaining Extent..... | 8 565 square metres and 690,2506 hectares, respectively | (i) Lodewyk Arnoldus Johannes Faurie; (ii) Cornelius Jacobus Faurie; (iii) Josephus Daniel Lourens Faurie; (iv) Albertus Wynand Faurie; (v) Roelof Andreas Faurie; (vi) Johannes Willem Christoffel Faurie; (vii) Martha Christina Visagie. |
| Portion 3..... | 187,602 9 hectares..... | Johannes Bernadus Wouda van Heerden. |
| Remaining Extent of Portion 2, all of the farm Kafferkraal 66 JO, District of Marico, Mining District of Klerksdorp, Province of the Transvaal | 577,178 9 hectares..... | Brakfontein Boerdery (Proprietary) Limited. |

BYLAE

| Beskrywing van grond | Grootte | Geregistreerde eienaar |
|---|---|---|
| Gedeelte 1 en die resterende gedeelte..... | Onderskeidelik 8 565 vierkante meter en 690,250 6 hektaar | (i) Lodewyk Arnoldus Johannes Faurie; (ii) Cornelius Jacobus Faurie; (iii) Josephus Daniel Lourens Faurie; (iv) Albertus Wynand Faurie; (v) Roelof Andreas Faurie; (vi) Johannes Willem Christoffel Faurie; (vii) Martha Christina Visagie. |
| Gedeelte 3..... | 187,602 9 hektaar..... | Johannes Bernadus Wouda van Heerden. |
| Resterende Gedeelte van Gedeelte 2, almal van die plaas Kafferkraal 66 JO, distrik Marico, myndistrik Klerksdorp, provinsie Transvaal | 577,178 9 hektaar..... | Brakfontein Boerdery (Eiendoms) Beperk. |

(18/3/87)

## PROCLAMATIONS

*by the Acting State President of the Republic of South Africa*

No. 122, 1979

PROVINCIAL COUNCIL BY-ELECTION.—ELECTORAL DIVISION OF VENTERSBURG

I, Marais Viljoen, Acting State President of the Republic of South Africa—

(1) hereby determine in terms of the provisions of sections 35 and 88 of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act 46 of 1946)—

(a) that Monday, 16 July 1979, shall be the day on which a nomination court will sit in respect of the electoral division of Ventersburg to receive nominations of candidates for election as a member of the Provincial Council of the Province of the Orange Free State for that electoral division;

(b) that the said nomination court shall sit in "B" Court, Magistrate's Office, Virginia, at 10h00;

(c) that if a poll becomes necessary in the said electoral division for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the nomination court, the poll shall be taken on Wednesday, 29 August 1979, and shall commence at 07h00 and shall close at 21h00 on that day; and

(2) hereby appoint, in terms of the said provisions, Mr N. H. Acker, Senior Magistrate, Hennenman, as returning officer at the election in the aforesaid electoral division.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Fourteenth day of June, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council:

A. L. SCHLEBUSCH.

No. 121, 1979

HOUSE OF ASSEMBLY BY-ELECTIONS.—ELECTORAL DIVISIONS OF JOHANNESBURG WEST AND KOEDOESPOORT

I, Marais Viljoen, Acting State President of the Republic of South Africa—

(1) hereby determine, in terms of the provisions of sections 35 and 88 of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act 46 of 1946)—

(a) that Monday, 16 July 1979, shall be the day on which a nomination court wil sit in respect of each electoral division mentioned in the first column of

## PROKLAMASIES

*van die Waarnemende Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. 122, 1979

PROVINSIALE RAADTUSSENVERKIESING.—KIESAFDELING VENTERSBURG

Ek, Marais Viljoen, Waarnemende Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika—

(1) bepaal hierby ingevolge die bepalings van artikels 35 en 88 van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet 46 van 1946)—

(a) Maandag, 16 Julie 1979, as die dag waarop 'n nominasiehof sitting sal hou ten opsigte van die kiesafdeling Ventersburg om nominasies van verkiesingskandidate te ontvang vir die verkiesing van 'n lid van die Provinsiale Raad van die provinsie die Oranje-Vrystaat vir daardie kiesafdeling;

(b) dat bedoelde nominasiehof sitting sal hou in "B" Hof, Landdroskantoor, Virginia, om 10h00;

(c) dat ingeval 'n stemming nodig word in gemelde kiesafdeling omdat meer as een persoon behoorlik genomineer is by die sluiting van die nominasiehof, die stemming op Woensdag, 29 Augustus 1979, sal plaasvind, om 07h00 op bedoelde dag sal begin en om 21h00 daardie dag sal eindig; en

(2) stel hierby ingevolge bedoelde bepalings mnr. N. H. Acker, Senior Landdros, Hennenman, as kiesbeampte aan by die verkiesing in voormelde kiesafdeling.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Veertiende dag van Junie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade:

A. L. SCHLEBUSCH.

No. 121, 1979

VOLKSRAADTUSSENVERKIESINGS. — KIESAFDELINGS JOHANNESBURG-WES EN KOEDOESPOORT

Ek, Marais Viljoen, Waarnemende Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika—

(1) bepaal hierby ingevolge die bepalings van artikels 35 en 88 van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet 46 van 1946)—

(a) Maandag, 16 Julie 1979, as die dag waarop 'n nominasiehof ten opsigte van iedere kiesafdeling gemeld in die eerste kolom van die Bylae hierby,

the Schedule hereto, to receive nominations of candidates for election as a member of the House of Assembly for such electoral division;

(b) that the said nomination court shall sit at the place mentioned in the second column of the said Schedule opposite the electoral division concerned, at 10h00;

(c) that if a poll becomes necessary in any of the said electoral divisions for the reason that more than one person shall have been duly nominated in respect of such an electoral division at the close of the sitting of the nomination court in question the poll shall be taken on Wednesday, 29 August 1979, and shall commence at 07h00 and shall close at 21h00 on that day; and

(2) hereby appoint, in terms of the said provisions, the person whose name or designation appears in the third column of the said Schedule opposite the name of the electoral division, as the returning officer at the election in that electoral division.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Fourteenth day of June, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council:

A. L. SCHLEBUSCH.

SCHEDULE

| Electoral Division of the House of Assembly | Place where Nomination Court will be held | Returning Officer |
|---|---|---|
| Johannesburg West | Room 113, New Government Buildings, 77 Harrison Street, Johannesburg | Regional Representative, Department of the Interior and Immigration, Johannesburg |
| Koedoespoort.... | Room 208, Magistrate's Court, Pretoria | Mr W. P. Theron, Chief Magistrate, Pretoria |

sitting sal hou om nominasies van verkiesingskandidate te ontvang vir die verkiesing van 'n lid van die Volksraad vir daardie kiesafdeling;

(b) dat bedoelde nominasiehof sitting sal hou op die plek in die tweede kolom van genoemde Bylae teenoor die betrokke kiesafdeling aangedui, om 10h00;

(c) dat ingeval 'n stemming nodig word in enigeen van bedoelde kiesafdelings omdat meer as een persoon behoorlik genomineer is ten opsigte van so 'n kiesafdeling by die sluiting van die betrokke nominasiehof, die stemming op Woensdag, 29 Augustus 1979, sal plaasvind, om 07h00 op bedoelde dag sal begin en om 21h00 daardie dag sal eindig; en

(2) stel hierby ingevolge bedoelde bepalings die persoon wie se naam of amp in die derde kolom van genoemde Bylae verskyn teenoor die naam van die kiesafdeling, as kiesbeampte aan by die verkiesing in daardie kiesafdeling.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Veertiende dag van Junie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade:

A. L. SCHLEBUSCH.

BYLAE

| Kiesafdeling van die Volksraad | Plek waar Nominasiehof sitting sal hou | Kiesbeampte |
|---|---|---|
| Johannesburg-Wes | Kamer 113, Nuwe Staatsgebou, Harrisonstraat 77, Johannesburg | Streekverteenwoordiger, Departement van Binnelandse Sake en Immigrasie, Johannesburg |
| Koedoespoort.... | Kamer 208, Landdroskantoor, Pretoria | Mnr. W. P. Theron, Hooflanddros, Pretoria |

## GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF COLOURED, REHOBOTH AND NAMA RELATIONS

No. 1345 22 June 1979

COLOURED PERSONS REPRESENTATIVE COUNCIL.—RESULT OF BY-ELECTION, ELECTORAL DIVISION OF SWARTBERG

In accordance with sections 87 and 88 of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act 46 of 1946), as amended, read with section 9 of the Coloured Persons Representative Council Act, 1964 (Act 49 of 1964), the following particulars relating to the election of a member of the Coloured Persons Representative Council for the Electoral Division of Swartberg, held on 6 June 1979, are hereby published for general information:

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN KLEURLING-, REHOBOTH- EN NAMABETREKKINGE

No. 1345 22 Junie 1979

VERTEENWOORDIGENDE KLEURLINGRAAD.—UITSLAG VAN TUSSENVERKIESING, KIESAFDELING SWARTBERG

Ooreenkomstig artikels 87 en 88 van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet 46 van 1946), soos gewysig, gelees met artikel 9 van die Wet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad, 1964 (Wet 49 van 1964), word die volgende besonderhede betreffende die verkiesing van 'n lid van die Verteenwoordigende Kleurlingraad vir die kiesafdeling Swartberg gehou op 6 Junie 1979 vir algemene inligting gepubliseer:

| Name of person elected and date on which declared elected Naam van verkose persoon en datum waarop verkies verklaar | Votes polled for Stemme uitgebring op | Number of ballot papers rejected Getal verworpe stembriewe | Total number of votes polled Totale getal stemme uitgebring | Total number of voters on voters' list Totale getal kiesers op kiesrslys |
|---|---|---|---|---|
| Harmse, Peter Samuel, 6/6/79.. | Harmse, Peter Samuel (6 835)<br>Moses, Aubrey Joseph (4 168) | 177 | 11 180 | 18 903 |

## DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

No. 1295 22 June 1979

RENT CONTROL ACT, 1976

ABSOLUTE DISSOLUTION OF THE BETHLEHEM RENT BOARD

It is hereby notified for general information that the Minister of Community Development, by virtue of section 2 (2) of the Rent Control Act, 1976 (Act 80 of 1976), dissolved the Bethlehem Rent Board with effect from 1 June 1979.

No. 1313 22 June 1979

RENT CONTROL ACT, 1976

ABSOLUTE DISSOLUTION OF THE BETHAL RENT BOARD

It is hereby notified for general information that the Minister of Community Development, by virtue of section 2 (2) of the Rent Control Act, 1976 (Act 80 of 1976), dissolved the Bethal Rent Board with effect from 1 June 1979.

No. 1347 22 June 1979

CORRECTION NOTICE OF GOVERNMENT NOTICE 1112 OF 1 JUNE 1979.—RESTRICTIONS ON THE SUBDIVISION OF LAND OR STANDS OR THE ERECTION, ALTERATION OR USE OF BUILDINGS OR STRUCTURES IN FURTHERANCE OF A SLUM CLEARANCE OR URBAN RENEWAL SCHEME IN A CERTAIN AREA AT BETHAL, DISTRICT BETHAL, PROVINCE OF TRANSVAAL

It is hereby notified for general information that the Community Development Board established in terms of section 2 of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), as amended, has with a view to the furtherance of slum clearance and an urban renewal scheme, in terms of the provisions of paragraph (e) of subsection (2) of section 15 of the aforesaid Act, within the areas defined in the Schedule hereto, prohibited for a period which will expire on 1 June 1989 the subdivision, except with the prior written approval of the said Board, of land or stands within those areas or the erection or alteration except with such approval, of any building or structure within those areas, or the use except with such approval, of any building or structure within those areas for a purpose other than the purpose for which such building or structure was being used on the date of publication of this notice.

Attention is also invited to the fact that any owner of immovable property in the areas referred to in the said Schedule, who wishes to dispose of such property should, as has been laid down in paragraph (a) of subsection (5) of section 15 of the said Act, offer such property for sale to the said Board, when the further provisions of the said paragraph (a) are applicable to such transactions.

SCHEDULE

1. The following Erven in the Township of Bethal:

Erf 45 (Remaining Extent), area 1 071 m², Diagram SG A296/09.

Erf 46, area 2 141 m², Diagram SG A297/09.

Erf 47, area 2 141 m², Diagram SG A298/09.

## DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU

No. 1295 22 Junie 1979

WET OP HUURBEHEER, 1976

ALGEHELE ONTBINDING VAN DIE BETHLEHEM HUURRAAD

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gemeenskapsbou kragtens artikel 2 (2) van die Wet op Huurbeheer, 1976 (Wet 80 van 1976), die Bethlehem Huurraad met ingang van 1 Junie 1979 ontbind het.

No. 1313 22 Junie 1979

WET OP HUURBEHEER, 1976

ALGEMENE ONTBINDING VAN DIE BETHAL HUURRAAD

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gemeenskapsbou, kragtens artikel 2 (2) van die Wet op Huurbeheer, 1976 (Wet 80 van 1976), die Bethal Huurraad met ingang van 1 Junie 1979 ontbind het.

No. 1347 22 Junie 1979

VERBETERINGSKENNISGEWING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING 1112 VAN 1 JUNIE 1979.—BEPERKINGS OP DIE ONDERVERDELING VAN GROND OF STANDPLASE OF DIE OPRIGTING, VERANDERING EN GEBRUIK VAN GEBOUE TER BEVORDERING VAN SLUMOPRUIMING EN 'N STADSHERNUWINGSKEMA IN 'N SEKERE GEBIED TE BETHAL, DISTRIK BETHAL, PROVINSIE TRANSVAAL

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Gemeenskapsontwikkelingsraad ingestel kragtens artikel 2 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), soos gewysig, met die oog op die bevordering van slumopruiming of 'n stadshernuwingskema kragtens die bepalings van paragraaf (e) van subartikel (2) van artikel 15 van die gemelde Wet, binne die gebiede in die Bylae hiervan omskryf, die onderverdeling, behalwe met die voorafgaande skriftelike goedkeuring van die gemelde Raad, van grond of standplase binne daardie gebiede, of die oprigting of verandering, behalwe met sodanige goedkeuring van 'n gebou of bouwerk binne daardie gebied vir 'n ander doel as die doel waarvoor so 'n gebou of bouwerk op die datum van publikasie van hierdie kennisgewing gebruik was, verbied vir 'n tydperk wat op 1 Junie 1989 sal verstryk.

Aandag word voorts daarop gevestig dat enige eienaar van onroerende eiendom in die gebiede in die Bylae gemeld, wat so 'n eiendom van die hand wil sit, dit soos in paragraaf (a) van subartikel (5) van artikel 15 van die gemelde Wet uiteengesit, aan die Gemeenskapsontwikkelingsraad te koop moet aanbied, wanneer die verdere bepalings van die gemelde paragraaf (a) op sodanig transaksies van toepassing sal wees.

BYLAE

1. Die volgende erwe in die dorp Bethal:

Erf 45 (Resterende gedeelte), groot 1 071 m², Kaart LG A296/09.

Erf 46, groot 2 141 m², Kaart LG A297/09.

Erf 47, groot 2 141 m², Kaart LG A298/09.

Erf 48, area 2 141 m², Diagram SG A299/09.
Erf 49 (Remaining Extent), area 1,014 m².
Erf 49 (Portion 3), area 1 128 m², Diagram SG A3951/50.
Erf 80, area 2 855 m².
Erf 81, area 2 855 m².
Erf 82, area 2 855 m².
Erf 83, area 2 855 m².
Erf 84, area 2 855 m².
Erf 85, area 2 141 m².
Erf 101, area 2 855 m², Diagram SG A3060/06.
Erf 102 (Remaining Extent), area 1 428 m².
Erf 102 (Portion 1), area 1 428 m².
Erf 107 (Portion 1), area 1 927 m², Diagram SG A2782/41.
Erf 108 (Remaining Extent), area 1 428 m².
Erf 108 (Portion 1), area 1 428 m², Diagram SG A2898/24.
Erf 109, area 2 855 m².
Erf 110 (Remaining Extent), area 1 017 m².
Erf 110 (Portion 1), area 1 380 m², Diagram SG A549/30.
Erf 110 (Portion 2), area 458 m², Diagram SG A2979/37.
Erf 110 (Portion 3), area 699 m².
Erf 111, area 2 855 m².
Erf 112 (Remaining Extent), area 1 428 m².
Erf 112 (Portion 1), area 1 428 m², Diagram SG A2029/25.
Erf 113, area 2 855 m².
Erf 130 (Remaining Extent), area 476 m², Diagram SG 1070/92.
Erf 130 (Portion 1), area 2 379 m², Diagram SG A857/34.
Erf 131 (Remaining Extent), area 2 557 m².
Erf 131 (Portion 1), area 298 m², Diagram SG A3623/14.
Erf 132 (Remaining Extent), area 1 130 m².
Erf 132 (Portion 1), area 159 m², Diagram SG A2391/13.
Erf 132 (Portion 2), area 1 428 m², Diagram SG A123/17.
Erf 132 (Portion 3), area 138 m², Diagram SG A3624/14.
Erf 133 (Remaining Extent), area 1 428 m².
Erf 133 (Portion 1), area 1 428 m², Diagram SG A637/38.
Erf 134 (Remaining Extent), area 2 538 m².
Erf 134 (Portion 1), area 317 m², Diagram SG A6684/71.
Erf 199 (Remaining Extent), area 1 437 m², Diagram SG 280/91.

2. The following Portions of the farm Blesbokspruit 150—IS:

Portion 23 (a portion of Portion 1), area 9 307 m², Diagram SG A1893/22.

Remaining Extent of Portion 28 (a portion of Portion 11), area 1 442 m², Diagram SG A757/31.

Portion 32 (a portion of Portion 28), area 5 917 m², Diagram SG A707/33.

Portion 47 (a portion of Portion 11), area 4 483 m², Diagram SG A4758/40.

Portion 50 (a portion of Portion 28), area 1 456 m², Diagram SG A1460/45.

Portion 51 (a portion of Portion 28), area 3 020 m², Diagram SG A1461/45.

Erf 48, groot 2 141 m², Kaart LG A299/09.
Erf 49 (Resterende gedeelte), groot 1 014 m².
Erf 49 (Gedeelte 3), groot 1 128 m², Kaart LG A3951/50.
Erf 80, groot 2 855 m².
Erf 81, groot 2 855 m².
Erf 82, groot 2 855 m².
Erf 83, groot 2 855 m².
Erf 84, groot 2 855 m².
Erf 85, groot 2 141 m².
Erf 101, Groot 2 855 m², Kaart LG A3060/06.
Erf 102 (Resterende gedeelte), groot 1 428 m².
Erf 102 (Gedeelte 1), groot 1 428 m².
Erf 107 (Gedeelte 1), groot 1 927 m², Kaart LG A2782/41.
Erf 108 (Resterende gedeelte), groot 1 428 m².
Erf 108 (Gedeelte 1), groot 1 428 m², Kaart LG A2898/24.
Erf 109, groot 2 855 m².
Erf 110 (Resterende gedeelte), groot 1 017 m².
Erf 110 (Gedeelte 1), groot 1 380 m², Kaart LG A549/30.
Erf 110 (Gedeelte 2), groot 458 m², Kaart LG A2979/37.
Erf 110 (Gedeelte 3), groot 699 m².
Erf 111, groot 2 855 m².
Erf 112 (Resterende gedeelte), groot 1 428 m².
Erf 112 (Gedeelte 1), groot 1 428 m², Kaart LG A2029/28.
Erf 113, groot 2 855 m².
Erf 130 (Resterende gedeelte), groot 476 m², Kaart LG 1010/82.
Erf 130 (Gedeelte 1), groot 2 379 m², Kaart LG A857/34.
Erf 131 (Resterende gedeelte), groot 2 557 m².
Erf 131 (Gedeelte 1), groot 298 m², Kaart LG A3623/14.
Erf 132 (Resterende gedeelte), groot 1 130 m².
Erf 132 (Gedeelte 1), groot 159 m², Kaart LG A2391/13.
Erf 132 (Gedeelte 2), groot 1 428 m², Kaart LG A123/17.
Erf 132 (Gedeelte 3), groot 138 m², Kaart LG A3624/14.
Erf 133 (Resterende gedeelte), groot 1 428 m².
Erf 133 (Gedeelte 1), groot 1 428 m², Kaart LG A637/38.
Erf 134 (Resterende gedeelte), groot 2 538 m².
Erf 134 (Gedeelte 1), Groot 317 m², Kaart LG A6684/71.
Erf 199 (Resterende gedeelte), groot 1 437 m², Kaart LG A280/91.

2. Die volgende gedeeltes van die plaas Blesbokspruit 150—IS:

Gedeelte 23 ('n gedeelte van Gedeelte 1), groot 9 307 m², Kaart LG A1893/22.

Resterende gedeelte van Gedeelte 28 ('n gedeelte van Gedeelte 11), groot 1 442 m², Kaart LG A757/31.

Gedeelte 32 ('n gedeelte van Gedeelte 28), groot 5 917 m², Kaart LG A707/33.

Gedeelte 47 ('n gedeelte van Gedeelte 11), groot 4 483 m², Kaart LG A4758/40.

Gedeelte 50 ('n gedeelte van Gedeelte 28), groot 1 456 m², Kaart LG A1460/45.

Gedeelte 51 ('n gedeelte van Gedeelte 28), groot 3 020 m², Kaart LG A1461/45.

## DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL PLANNING AND ENERGY

No. 1330 22 June 1979

ESTABLISHMENT OF A GUIDE PLAN COMMITTEE FOR TRICHARDT-EVANDER-KINROSS-SECUNDA

Under the powers vested in me by section 6A (1) of the Environment Planning Act, 1967 (Act 88 of 1967), I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Environmental Planning and Energy, hereby establish a guide plan committee for the area defined in the Annexure hereto, to compile a draft guide plan in which the requirements for future development and the use of land in the area are determined.

Any person, who has any interest in this draft guide plan may submit, for inclusion in the plan, proposals in writing within 60 days of the date of this notice, to the Chairman of the abovementioned Committee, Private Bag X213, Pretoria.

Proposals by a local authority shall be submitted through the Transvaal Provincial Administration.

Signed at Cape Town this 5th day of June 1979.

J. C. HEUNIS, Minister of Environmental Planning and Energy.

TRICHARDT - EVANDER - KINROSS - SECUNDA GUIDE PLAN AREA.—DESCRIPTION OF AREA

Beginning at the north-western beacon of the farm Zondagskraal 125 IS, proceeding generally south-eastwards along the boundaries of the following farms so as to include them in this area: The said farm Zondagskraal 125 IS, Zondagsfontein 124 IS, Wildebeestfontein 122 IS, Holfontein 138 IS and Trichardtsfontein 140 IS, to the north-western beacon of the farm Rooipoort 144 IS; thence eastwards along the northern boundary of the said farm Rooipoort 144 IS, to the north-western beacon of Portion 4 (Diagram SG A2917/13) of the farm Rooipoort 144 IS; thence south-eastwards along the south-western boundary of the said Portion 4 of the farm Rooipoort 144 IS, to the south-western beacon thereof; thence south-westwards along the north-western boundary of Portion 5 (Diagram SG A2524/14) of the farm Rooipoort 144 IS, to the south-western beacon thereof; thence westwards, southwards, westwards and northwards along the boundaries of the following farms so as to include them in this area: Trichardtsfontein 140 IS, Goedehoop 290 IS and Bosjesspruit 291 IS, to the north-eastern beacon of Portion 5 (Diagram SG A3555/52) of the farm Brandspruit 318 IS; thence south-westwards, north-westwards and south-westwards along the boundaries of the following portions of the farm Brandspruit 318 IS so as to exclude them from this area: The said Portion 5 and Portion 4 (Diagram SG A1711/31), to the north-western beacon of the latter portion; thence northwards along the western boundary of the farm Brandspruit 318 IS, to the north-western beacon thereof; thence northwards, westwards, southwards and north-westwards along the boundaries of the following farms so as to include them in this area: Twistdraai 285 IS, Middelbult 284 IS, Grootspruit 279 IS, De Bank or Vaalbank 280 IS and Annex Leeuwpan 533 IR, to the south-western beacon of the last-named farm; thence north-eastwards along the north-western boundary of the farm Annex

## DEPARTEMENT VAN OMGEWINGS-BEPLANING EN ENERGIE

No. 1330 22 Junie 1979

INSTELLING VAN 'N GIDSPLANKOMITEE VIR TRICHARDT-EVANDER-KINROSS-SECUNDA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 6A (1) van die Wet op Omgewingsbeplanning, 1967 (Wet 88 van 1967), stel ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Omgewingsbeplanning en Energie, hiermee 'n gidsplankomitee in vir die gebied omskryf in die Bylae hierby, om 'n ontwerpgidsplan op te stel waarin die vereistes vir toekomstige ontwikkeling en grondgebruik in dié gebied bepaal word.

Enige persoon wat 'n belang by hierdie ontwerpgidsplan het, kan binne 60 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing, skriftelike voorstelle vir opname in die plan aan die Voorsitter van bogenoemde Komitee, Privaatsak X213, Pretoria, rig.

Voorstelle deur 'n plaaslike bestuur moet deur middel van die Transvaalse Provinsiale Administrasie voorgelê word.

Geteken te Kaapstad op hede die 5de dag van Junie 1979.

J. C. HEUNIS, Minister van Omgewingsbeplanning en Energie.

TRICHARDT - EVANDER - KINROSS - SECUNDA GIDSPLANGEBIED. — BESKRYWING VAN GEBIED

Begin by die noordwestelike baken van die plaas Zondagskraal 125 IS, dan algemeen suidooswaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Die genoemde plaas Zondagskraal 125 IS, Zondagsfontein 124 IS, Wildebeestfontein 122 IS, Holfontein 138 IS en Trichardsfontein 140 IS, tot by die noordwestelike baken van die plaas Rooipoort 144 IS; dan ooswaarts met die noordelike grens van die genoemde plaas Rooipoort 144 IS langs, tot by die noordwestelike baken van Gedeelte 4 (Kaart LG A2917/13) van die plaas Rooipoort 144 IS; dan suidooswaarts met die suidwestelike grens van genoemde Gedeelte 4 van die plaas Rooipoort 144 IS langs, tot by die suidwestelike baken daarvan; dan suidweswaarts met die noordwestelike grens van Gedeelte 5 (Kaart LG A2524/14) van die plaas Rooipoort 144 IS langs, tot by die suidwestelike baken daarvan; dan weswaarts, suidwaarts, weswaarts en noordwaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Trichardsfontein 140 IS, Goedehoop 290 IS en Bosjesspruit 291 IS, tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 5 (Kaart LG A3555/52) van die plaas Brandspruit 318 IS; dan suidweswaarts, noordweswaarts en suidweswaarts met die grense van die volgende gedeeltes van die plaas Brandspruit 318 IS langs, sodat hulle uit hierdie gebied uitgesluit word: Die genoemde Gedeelte 5 en Gedeelte 4 (Kaart LG A1711/31), tot by die noordwestelike baken van laasgenoemde gedeelte; dan noordwaarts met die westelike grens van die plaas Brandspruit 318 IS langs, tot by die noordwestelike baken daarvan; dan noordwaarts, weswaarts, suidwaarts en noordweswaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Twistdraai 285 IS, Middelbult 284 IS, Grootspruit 279 IS, De Bank or Vaalbank 280 IS en Annex Leeuwpan 533 IR, tot by die suidwestelike baken van laasgenoemde plaas; dan noordooswaarts met die noordwestelike grens van die plaas Annex

Leeuwpan 533 IR, to the north-eastern beacon of Portion 14 (Diagram SG A3303/60) of the farm Leeuwpan 532 IR; thence westwards along the northern boundaries of the following portions of the farm Leeuwpan 532 IR: The said Portion 14 and Portion 15 (Diagram SG A3304/60), to the north-western beacon of the latter portion; thence south-westwards and generally north-westwards along the boundaries of the following portions of the farm Leeuwpan 532 IR, so as to include them in this area: Portion 9 (Diagram SG A1143/20), Remaining Extent of Portion 6 (Diagram SG A1810/10), in extent 175 Morgen 425 square roods, Portion 12 (Diagram SG A1731/52) and Portion 1 (Diagram SG 1135/93), to the south-western beacon of the last-named portion; thence generally north-eastwards along the boundaries of the following portions of the farm Rietkuil 531 IR so as to exclude them from this area: Portion 4 (Diagram SG A3389/24), Portion 5 (Diagram SG A4088/26), Portion 2 (Diagram SG A2646/09) and Portion 7 (Diagram SG A2515/28), to the south-eastern beacon of the last-named portion; thence south-eastwards along the north-eastern boundary of the farm Rietkuil 531 IR, to the south-eastern beacon thereof; thence generally northwards along the boundaries of the following farms so as to include them in this area: De Bank or Vaalbank 280 IS, Grootspruit 279 IS, Zandfontein 130 IS, Witkleifontein 131 IS, Winkelhaak 135 IS and Zondagskraal 125 IS, to the north-western beacon of the last-named farm, the place of beginning.

## DEPARTMENT OF FINANCE

No. 1311 22 June 1979

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK ACT, 1944

DETERMINATION OF STATUTORY PRICE OF GOLD

It is hereby notified that, in terms of section 17A (1) of the South African Reserve Bank Act, 1944 (Act 29 of 1944), the Minister of Finance has valued, as from 31 May 1979, all gold of the South African Reserve Bank at R206,14 per fine ounce of gold.

No. 1317 22 June 1979

ISSUE OF INTERNAL REGISTERED STOCK, 9⅜ PER CENT, 2004 AND INTERNAL REGISTERED STOCK, 6¼ PER CENT, 1982 OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

The undermentioned Republic of South Africa Internal Registered Stocks will be issued on 2 July 1979—

A. INTERNAL REGISTERED STOCK, 9⅜ PER CENT, 2004

Issue price R100 per cent payable in full on application or not less than R10 per cent payable on application and the remainder on or before 15 August 1979. The principal of this Stock will be repayable at par on 1 July 2004 and interest will be payable half-yearly on 1 January and 1 July.

Leeuwpan 533 IR langs, tot by die noordoostelike baken van Gedeelte 14 (Kaart LG A3303/60) van die plaas Leeuwpan 532 IR; dan weswaarts met die noordelike grense van die volgende gedeeltes van die plaas Leeuwpan 532 IR langs: Genoemde Gedeelte 14 en Gedeelte 15 (Kaart LG A3304/60) tot by die noordwestelike baken van laasgenoemde gedeelte; dan suidweswaarts en algemeen noordweswaarts met die grense van die volgende gedeeltes van die plaas Leeuwpan 532 IR langs, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Gedeelte 9 (Kaart LG A1143/20), die Resterende Gedeelte van Gedeelte 6 (Kaart LG A1810/10) groot 175 Morg, 425 Vierkante Roede, Gedeelte 12 (Kaart LG A1731/52) en Gedeelte 1 (Kaart LG 1135/93), tot by die suidwestelike baken van die laasgenoemde gedeelte; dan algemeen noordooswaarts met die grense van die volgende gedeeltes van die plaas Rietkuil 531 IR langs, sodat hulle uit hierdie gebied uitgesluit word: Gedeelte 4 (Kaart LG A3389/24), Gedeelte 5 (Kaart LG A4088/26), Gedeelte 2 (Kaart LG A2646/09) en Gedeelte 7 (Kaart LG A2515/28) tot by die suidoostelike baken van laasgenoemde gedeelte; dan suidooswaarts met die noordoostelike grens van die plaas Rietkuil 531 IR langs, tot by die suidoostelike baken daarvan; dan algemeen noordwaarts met die grense van die volgende plase langs, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: De Bank or Vaalbank 280 IS, Grootspruit 279 IS, Zandfontein 130 IS, Witkleifontein 131 IS, Winkelhaak 135 IS en Zondagskraal 125 IS tot by die noordwestelike baken van laasgenoemde plaas, die beginpunt.

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 1311 22 Junie 1979

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK, 1944

BEPALING VAN STATUTÊRE GOUDPRYS

Hierby word bekendgemaak dat die Minister van Finansies kragtens artikel 17A (1) van die Wet op die Suid-Afrikaaanse Reserwebank, 1944 (Wet 29 van 1944), alle goud van die Suid-Afrikaanse Reserwebank met ingang van 31 Mei 1979 teen R206,14 per ons suiwer goud gewaardeer het.

No. 1317 22 Junie 1979

UITGIFTE VAN BINNELANDSE GEREGISTREERDE EFFEKTE, 9⅜ PERSENT, 2004, EN BINNELANDSE GEREGISTREERDE EFFEKTE, 6¼ PERSENT, 1982, VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die ondergenoemde Binnelandse Geregistreerde Effekte van die Republiek van Suid-Afrika sal op 2 Julie 1979 uitgereik word:

A. BINNELANDSE GEREGISTREERDE EFFEKTE, 9⅜ PERSENT, 2004

Uitgifteprys R100 persent ten volle betaalbaar op aanvraag, of minstens R10 persent op aanvraag en die res voor of op 15 Augustus 1979. Die kapitaal van hierdie effekte is op 1 Julie 2004 teen pari terugbetaalbaar, en die rente is halfjaarliks op 1 Januarie en 1 Julie betaalbaar.

B. INTERNAL REGISTERED STOCK, 6¼ PER CENT, 1982

Issue price R100 per cent payable in full on application. The principal of this Stock will be repayable at par on 1 July 1982 and interest will be payable half-yearly on 1 January and 1 July.

Subscription lists for cash applications will open on 2 July 1979 and will be closed on or before 10 July 1979.

Prospectuses and application forms for cash subscriptions will be obtainable from banks in the Republic and South West Africa and from the Treasury, Pretoria, during the period that the subscription lists are open.

No. 1348 22 June 1979

RATE OF INTEREST ON GOVERNMENT LOANS AND ADVANCES

It is hereby notified that the Minister of Finance has in terms of section 26 (1) of the Exchequer and Audit Act 1975 (Act 66 of 1975), fixed the standard interest rate applicable from 2 July 1979, and until further notice, to loans and advances granted by the State out of the State Revenue Fund at nine and a half per cent (9½%) per annum.

The above-mentioned standard interest rate is applicable from 2 July 1979, and until further notice, to all drawings of loans and advances from State moneys, except loans and advances in respect of which other rates of interest are specifically authorised by legislation or the Minister of Finance.

No. 1349 22 June 1979

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned local/internal registered stocks will be closed from 1 July 1979 to 1 August 1979, both days inclusive, and that the interest due on 1 August 1979, will be paid to the stockholders registered at the date of closing of the transfer books.

6½ Per Cent Local Registered Stock, 1979.
Internal Registered Stock, 7 Per Cent, 1985.
Internal Registered Stock, 8⅛ Per Cent, 1996.

No. 1350 22 June 1979

DETERMINATION OF THE RATE OF A DAILY ALLOWANCE PAYABLE TO MEMBERS OF STATUTORY BOARDS, COMMITTEES AND SIMILAR BODIES FOR THE PURPOSES OF SECTION 55 (d) (vi) OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA CONSTITUTION ACT, 1961 (ACT 32 OF 1961)

By virtue of the powers vested in me by section 55 (d) (vi) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), I hereby determine that for the purposes of the afore-mentioned section the daily allowance payable to a member of a board, committee or similar body established by or under any law, in regard to his services on such board, committee or similar body shall be at a rate not exceeding R30 for each day during which he renders such services.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

B. BINNELANDSE GEREGISTREERDE EFFEKTE, 6¼ PERSENT, 1982

Uitgifteprys R100 persent ten volle betaalbaar op aanvraag. Die kapitaal van hierdie effekte is op 1 Julie 1982 teen pari terugbetaalbaar en die rente is halfjaarliks op 1 Januarie en 1 Julie betaalbaar.

Inskrywingslyste ten opsigte van kontantaansoeke word op 2 Julie 1979 oopgestel en sal voor of op 10 Julie 1979 gesluit word.

Prospektusse en aansoekvorms vir kontantinskrywings sal, gedurende die tydperk wat die inskrywingslyste oop is, by banke in die Republiek en Suidwes-Afrika en by die Tesourie, Pretoria, verkrygbaar wees.

No. 1348 22 Junie 1979

RENTEKOERS VAN TOEPASSING OP STAATSLENINGS EN VOORSKOTTE

Hierby word bekend gemaak dat die Minister van Finansies, ingevolge artikel 26 (1) van die Skatkis- en Ouditwet 1975 (Wet 66 van 1975), die standaard rentekoers van toepassing vanaf 2 Julie 1979, en tot nadere kennisgewing, op lenings en voorskotte deur die Staat toegestaan uit die Staatsinkomstefonds op nege-en-'n-half persent (9½%) per jaar vasgestel het.

Bogenoemde standaardrentekoers is van toepassing vanaf 2 Julie 1979, en tot nadere kennisgewing, op alle trekkings van lenings en voorskotte uit staatsgelde, uitgesonderd lenings en voorskotte ten opsigte waarvan ander rentekoerse spesifiek deur wetgewing of die Minister van Finansies gemagtig is.

No. 1349 22 Junie 1979

Hiermee word bekendgemaak dat die oordragboeke van die ondergenoemde plaaslike/binnelandse geregistreerde effekte van 1 Julie 1979 tot en met 1 Augustus 1979 gesluit sal wees en dat die rente betaalbaar op 1 Augustus 1979 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word.

6½ Persent Plaaslike Geregistreerde Effekte, 1979.
Binnelandse Geregistreerde Effekte, 7 Persent, 1985.
Binnelandse Geregistreerde Effekte, 8⅛ Persent, 1996.

No. 1350 22 Junie 1979

BEPALING VAN DIE SKAAL VAN 'N DAGTOELAE BETAALBAAR AAN LEDE VAN STATUTÊRE RADE, KOMITEES EN SOORTGELYKE LIGGAME VIR DOELEINDES VAN ARTIKEL 55 (d) (vi) VAN DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1961 (WET 32 VAN 1961)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 55 (d) (vi) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), bepaal ek hierby dat vir die doeleindes van genoemde artikel die dagtoelae betaalbaar aan 'n lid van 'n raad, komitee of soortgelyke liggaam by of kragtens wet ingestel, ten opsigte van sy dienste in sodanige raad, komitee of soortgelyke liggaam, volgens 'n skaal van hoogstens R30 is vir elke dag waarop hy bedoelde dienste lewer.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

## DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS

No. 1343 22 June 1979

CLOSING OF CONSULATE OF SWEDEN

It is hereby notified that the Consulate of Sweden in Johannesburg and the Vice-Consulate in East London will close with effect from 1 July 1979.

## DEPARTMENT OF INLAND REVENUE

No. 1315 22 June 1979

GOVERNMENT NOTICE OF DATE OF COMING INTO FORCE

CONVENTION BETWEEN THE GOVERNMENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND THE GOVERNMENT OF THE UNITED KINGDOM OF GREAT BRITAIN AND NORTHERN IRELAND FOR THE AVOIDANCE OF DOUBLE TAXATION AND THE PREVENTION OF FISCAL EVASION WITH RESPECT TO TAXES ON ESTATES OF DECEASED PERSONS AND ON GIFTS

It is hereby notified for general information that the last of the formalities required to give the Convention referred to in Proclamation R. 224, 1978, as published in *Government Gazette* 6149 of 8 September 1978, the force of law in the Republic of South Africa and the United Kingdom, respectively, was completed on 5 April 1979 and that the Convention consequently came into force on 6 May 1979 in terms of Article 18 (2) thereof, which further provides that the Convention shall have effect in South Africa in respect of donations taking effect on or after 1 January 1978 and the estates of persons dying on or after that date and in the United Kingdom in respect of property by reference to which there is a charge to tax which arises on or after 1 January 1978.

(25/6/1/231)

## DEPARTMENT OF THE INTERIOR AND IMMIGRATION

No. 1296 22 June 1979

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—RABIE TO KRÜGER

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Erika Rabie, residing at 762 Cadmium Street, Tsumeb, to assume the surname of Krüger.

No. 1297 22 June 1979

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—ARIES TO IRISH

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Hendrik Aries, his wife Susan Floriseson, born Mopp, and his children Myra Noreen Susan Irish, Susan Regina Irish and Daphne Averel Irish, residing at 28 Vallei Street, Newtown, Wellington, to assume the surname of Irish.

## DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

No. 1343 22 Junie 1979

SLUITING VAN KONSULAAT VAN SWEDE

Hierby word bekendgemaak dat die Konsulaat van Swede in Johannesburg en die Vise-konsulaat in Oos-Londen met ingang van 1 Julie 1979 gesluit word.

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE INKOMSTE

No. 1315 22 Junie 1979

GOEWERMENTSKENNISGEWING VAN INWERKINGTREDING

KONVENSIE TUSSEN DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN GROOT-BRITTANJE EN NOORD-IERLAND VIR DIE VERMYDING VAN DUBBELE BELASTING EN DIE VOORKOMING VAN FISKALE ONTDUIKING MET BETREKKING TOT BELASTING OP BOEDELS VAN GESTORWE PERSONE EN OP GESKENKE

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die laaste van al die formaliteite wat nodig was om die Konvensie genoem in Proklamasie R. 224, 1978, soos gepubliseer in *Staatskoerant* 6149 van 8 September 1978, in onderskeidelik die Republiek van Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk die krag van Wet te gee, op 5 April 1979 voltooi is, en dat die Konvensie derhalwe op 6 Mei 1979 in werking getree het kragtens die bepalings van Artikel 18 (2) daarvan, wat verder bepaal dat die Konvensie van toepassing is in Suid-Afrika met betrekking tot skenkings wat op of na 1 Januarie 1978 van krag word en die boedels van persone wat op of na daardie datum sterf en in die Verenigde Koninkryk met betrekking tot eiendom ten opsigte waarvan aanspreeklikheid vir belasting op of na 1 Januarie 1978 ontstaan.

(25/6/1/231)

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE EN IMMIGRASIE

No. 1296 22 Junie 1979

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—RABIE IN KRÜGER

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Erika Rabie, woonagtig te Cadmiumstraat 762, Tsumeb, te magtig om die van Krüger aan te neem.

No. 1297 22 Junie 1979

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—ARIES IN IRISH

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Hendrik Aries, sy vrou Susan Floriseson, gebore Mopp, en sy kinders Myra Noreen Susan Irish, Susan Regina Irish and Daphne Averel Irish, woonagtig te Valleistraat 28, Newtown, Wellington, te magtig om die van Irish aan te neem.

No. 1332 22 June 1979

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—SMITH TO THORNTON-SMITH

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Anthony Charles Thornton Smith, residing at 5 Squires Gate, Dulwich Road, Rondebosch, to assume the surname of Thornton-Smith.

No. 1333 22 June 1979

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—DE KLERK TO SARLIM

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Peter de Klerk, residing at 82 Croton Road, Wentworth, Durban, to assume the surname of Sarlim.

No. 1334 22 June 1979

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—VANDELANOTTE TO DELANOTTE

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Erika Vandelanotte, residing at Plot 22, Halfwayhouse, to assume the surname of Delanotte.

## DEPARTMENT OF MINES

No. 1316 22 June 1979

DECLARATION OF CONTROLLED WORKS AND RISK WORK

The Minister of Mines has, in terms of section 10 of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act 78 of 1973), declared the following works to be a controlled works, with effect from 1 August 1979:

The works known as Zandpan Crushers (Pty) Ltd, on the farm Zandpan 423 IP, situate in the Magisterial District of Klerksdorp, Province of the Transvaal, which is at present being worked by Zandpan Crushers (Pty) Ltd, P.O. Box 210, Stilfontein.

The following work at the said works has been declared risk work by the Minister, in terms of section 13 of the said Act, with effect from the same date (i.e. 1 August 1979):

(a) Where moving, transferring or handling of stone, rock, ore or minerals takes place;

(b) where crushing, screening or classification of stone, rock, ore or minerals takes place, except where this is carried out under water; and

(c) on waste dumps, piles or ore piles, other than where the waste or ore has been or is being deposited in the form of slime, including the places where such dumps or piles have already been deposited.

No. 1332 22 Junie 1979

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—SMITH IN THORNTON-SMITH

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Anthony Charles Thornton Smith, Squires Gate 5, Dulwichweg, Rondebosch, te magtig om die van Thornton-Smith aan te neem.

No. 1333 22 Junie 1979

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—DE KLERK IN SARLIM

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Peter de Klerk, woonagtig te Crotonweg 82, Wentworth, Durban, te magtig om die van Sarlim aan te neem.

No. 1334 22 Junie 1979

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—VANDELANOTTE IN DELANOTTE

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Erika Vandelanotte, woonagtig te Hoewe 22, Halfweghuis, te magtig om die van Delanotte aan te neem.

## DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 1316 22 Junie 1979

VERKLARING TOT BEHEERDE BEDRYF EN RISIKOWERK

Die Minister van Mynwese het kragtens artikel 10 van die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet 78 van 1973), die volgende bedryf met ingang van 1 Augustus 1979 tot 'n beheerde bedryf verklaar:

Die bedryf bekend as Zandpan Crushers (Pty) Ltd, op die plaas Zandpan 423 IP, geleë in die landdrosdistrik Klerksdorp, provinsie Transvaal, wat tans deur Zandpan Crushers (Pty) Ltd, Posbus 210, Stilfontein, bedryf word.

Die volgende werk by die genoemde bedryf is met ingang van dieselfde datum (d.i. 1 Augustus 1979) kragtens artikel 13 van genoemde Wet deur die Minister tot risikowerk verklaar:

(a) Waar die verskuiwing, oorplasing of hantering van klip, rots, erts of minerale plaasvind;

(b) waar die vergruising, sif of klassifisering van klip, rots, erts of minerale plaasvind, uitgesonderd waar dit onder water geskied; en

(c) op uitskothope, stapels of ertsstapels, uitgesonderd waar die uitskot of erts in die vorm van slik gestort is of word, insluitende die plekke waar sodanige hope of stapels reeds gestort is.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1319 22 June 1979

BUREAU OF HERALDRY

APPLICATION FOR REGISTRATION OF A HERALDIC REPRESENTATION AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The undermentioned institution has applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration of its heraldic representation. Anyone wishing to object to the registration of this heraldic representation on the grounds that such registration will encroach upon rights to which he is legally entitled should do so within two months of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001.

*Applicant.*—South African Defence Force Technical Institute. (H4/3/1/2594.)

*Arms.*—Tierced palewise in the colours of the South African Army, Air Force and Navy, over all a demi-cogwheel Or, issuant therefrom a dexter hand holding a pen fesswise Argent.

*Motto.*—SCIENTIA ARMANDI.

No. 1320 22 June 1979

BUREAU OF HERALDRY

HERALDRY ACT, 1962 (ACT 18 OF 1962)

NOTICE OF THE REGISTRATION OF A HERALDIC REPRESENTATION

The undermentioned heraldic representation has been registered with the Bureau of Heraldry, Private Bag X236, Pretoria, 0001, in terms of section 8A (5) of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962):

H4/3/1/2574.—The arms of the Mmabatho Multiracial Primary School, published under Government Notice 144 of 2 February 1979.

No. 1321 22 June 1979

BUREAU OF HERALDRY

APPLICATION FOR REGISTRATION OF HERALDIC REPRESENTATIONS AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The undermentioned institution and person have applied, in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration of their heraldic representations. Anyone wishing to object to the registration of these heraldic representations on the grounds that such registration will encroach upon rights to which he is legally entitled should do so within two months of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001:

*Applicant.*—Germiston Hospital. (H4/3/1/2589.)

*Arms.*—Gules, on a cross Argent another Azure, over all a cross potent fitchy at the foot Or.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1319 22 Junie 1979

BURO VIR HERALDIEK

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N HERALDIESE VOORSTELLING EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

